higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T90**(A)**(A1)T

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# BOUADMINISTRASIE N4

(4090034)

**1 April 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woorde neer te skryf. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n … word gebruik om gate vir skroewe te maak.

1.2 Die werkswinkel moet … hê om die saagsels uit te suig en te verwyder.

1.3 Elke werkswinkel moet 'n … hê om lemme skerp te maak.

1.4 Nadat die deure aanmekaargesit is, word dit glad gemaak met 'n …

1.5 … word gebruik om vormwerk en uitkepings ('mouldings and recesses') vir skarniere en insteekslotte te maak wanneer deure gehang word.

1.6 Die tong en groewe word gesny met 'n …

1.7 In 'n werkswinkel waar houtdeure vervaardig word, is die eerste masjiene wat gebruik word 'n verskeidenheid …

1.8 Tapgate in deurstyle ('door stile mortices') word met 'n … gesny.

1.9 'n … maak twee aanliggende, gladde kante in die lengte van die hout.

1.10 'n … word gebruik om lang stukke hout teen die grein te sny.

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| aankoper; algemene voorman; vakmanne ('artisans'); personeeldepartement; bestekopnemer ('quantity surveyor'); bouopnemer ('building surveyor'); kosteberekeningsklerk ('costing clerk'); kontrakteur; beramer ('estimator'); valuasie |

2.1 Nadat die tender aanvaar is en die nodige kontrakdokumente onderteken is, word die bouer 'n … genoem.

2.2 Op die terrein is die … in beheer van alle bouwerk.

2.3 Ambagsvoormanne ('trades foremen') hou toesig oor bepaalde groepe …

2.4 Die … moet alle bestellings van materiaal en masjinerie vroegtydig plaas sodat dit betyds vir die bouwerk op die terrein kan aankom.

2.5 Die ... moet toesien dat genoeg arbeiders en beheerpersoneel ('control staff') in diens geneem word.

2.6 Die … ontleed die werklike koste van alle werk wat gedoen/afgehandel is met gereelde tussenpose.

2.7 Die boufirma se … gebruik die werklike tariewe wanneer daar weer vir 'n toekomstige kontrak getender word.

2.8 Die argitek moet die … sertifiseer voordat daar betaal kan word.

2.9 Na 'n vasgestelde tydsverloop sal die ... 'n tussentydse betaling van die kliënt eis.

2.10 Die ... is een van die werkgewer se adviseurs en moet die eis kontroleer deur die werk wat reeds gedoen is te evalueer.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

Noem die faktore wat in ag geneem moet word wanneer die volgende beplan word:

3.1 Toegangspaaie ('access roads')

3.2 Terrein en masjinerie ('plant and machinery')

(2 × 5) **[10]**

**VRAAG 4**

Teken 'n netjiese, benoemde skets van 'n kantelbalk ('truss-out scaffold/cantilever'). **[12]**

**VRAAG 5**

Verduidelik die gebruik van die volgende dokumente by die hantering van boumateriaal:

5.1 Bestelvorm ('order form')

5.2 Afleweringsnota ('delivery note')

5.3 Rekwisisie ('requisition')

5.4 Kwitansie ('receipt')

5.5 Faktuur ('invoice')

(5 × 2) **[10]**

## VRAAG 6

6.1 Definieer 'n *program.* (2)

6.2 Noem SEWE redes vir die gebruik van 'n program. (9)

6.3 Noem SES belangrike pligte van die toesighouer ('supervisor') op die terrein. (6)

6.4 Watter dokument word gebruik om die kwotasie vir 'n tender in te dien? (1)
**[18]**

## VRAAG 7

Teken elk van die volgende dokumente op 'n halwe bladsy:

7.1 Bestelvorm

7.2 Interne rekwisisie

(2 × 6) **[12]**

## VRAAG 8

Die las op 'n bestaande gebou gaan verhoog word, daarom moet die gebou onderstut ('underpin') word.

Skets en verduidelik hoe die gebou met 'n domkrag en voorafgegote heipale van gewapende beton ('jack and precast reinforced concrete piles') gestut word. **[10]**

## VRAAG 9

Wat is die hoofplig van elk van die volgende lede van 'n mediumgrootte boufirma:

9.1 Beramer ('estimator')

9.2 Ingenieur

9.3 Algemene voorman

9.4 Rekenmeester ('accountant')

(4 × 2) **[8]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou